# Les 17 JESUS CHRISTUS MAAK DIE HERDERSBELOFTE WAAR: SY REGERING BRING VREDE TUSSEN SONDAARS EN GOD

## 1. Die belofte van 'n herder wat vrede bring deur bestendigheid

Kyk na vers 8 en 12 van die Dawidsbelofte in 2 Sam.7! Dawid was 'n skaapherder. Die Here maak 'n herder koning. Dit is ook waar van die beloofde Seun. Dit word veral beloof in die woorde: "bestendige koningskap"

*" [8] Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers. [9] Oral waar jy gegaan het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde ...[12] Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee."*

**Wat beteken "bestendig"?**

Dit beteken om aan te hou en nie te verander nie. Die koningskap wat aan die Seun van Dawid beloof word – gaan aanhou en nooit verander nie. Hoekom nie? Want dit werk uitstekend!

## 2. 'n Bestendige koningskap is een wat uitstekend werk!

Dit is hoe die profeet Jesaja hierdie belofte aan die Seun van Dawid beskryf:

*"[5] Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. [6] Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here sorg."* (Jes.9)

Hoe werk 'n koningskap uitstekend?

As die regering se wette oor sy onderdane reg is en reg toegepas word, aan die een kant. Aan die anderkant, as die onderdane se gehoorsaamheid aan die wette van harte is, en met oorgawe is. Dit is wat Jesaja bedoel met die woorde: *"Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd."*

Reg gaan oor die opstel en toepas van wette deur die koning.

Geregtigheid gaan oor die gehoorsaamheid en onderhouding van die wette deur die onderdane.

Dit is hoe daar vrede kom: deur reg en geregtigheid, wat die Seun van Dawid gaan maak werk.

## 3. Die Herder maak die Tien Gebooie werk

Die prediker Esegiël beskryf vir ons hoe die herdersbelofte werk, in Eseg. 34 en 37:

*“[15] Ek sal self my kleinvee se herder wees en hulle rustig laat lê en herkou,” sê die Here my God. [17] “Ek sal dié soek wat weggeraak het, die wonde versorg van dié wat seergekry het, die swakkes help. Maar Ek sal dié wat vet en sterk geword het, uitroei. Ek sal ŉ herder wees wat reg laat geskied. ... [23] Ek gaan vir hulle net een herder aanstel, en hy sal vir hulle sorg: my dienaar Dawid. Hy sal vir hulle sorg, hy sal hulle herder wees. [24] Ek, die Here, sal hulle God wees, my dienaar Dawid sal oor hulle regeer. Ek, die Here het dit gesê. [25] Ek sal met hulle ŉ verbond sluit wat vir hulle vrede sal bring.”* (Esegiël 34) *“[24] My dienaar Dawid sal koning wees; hulle almal sal net een herder hê, en hulle sal volgens my bepalings leef en my voorskrifte gehoorsaam en nakom.”* (Esegiël 37)

a. Kan julle sien wie is die herder? In Eseg. 34:15 sê God Hyself sal die herder wees. In Eseg. 34:23 sê die Here dat sy dienaar Dawid die herder gaan wees. Weet julle al hoe werk dit? Twee herders? Godself en die seun van Dawid!

b. Kyk na Eseg. 37:24! Watter wette gaan die dienaar Dawid laat werk? Dit is die bepalings en voorskrifte van die Here. Hierdie bepalings en voorskrifte van die Here kry ons saamgevat in die Tien Gebooie, in Exodus 20.

c. Die Seun van Dawid gaan dus die wil van die Here, soos ons dit in die Tien Gebooie kry, laat werk. Dit is wat dit beteken dat die herder gaan laat reg geskied.

**4. <u>Die koning gaan ŉ dienaar word</u>**

Om die Tien Gebooie vir sondaars te laat werk – gaan die Seun van Dawid iets baie besonders doen. Hy gaan ŉ dienaar word: *“[23] Ek gaan vir hulle net een herder aanstel, en hy sal vir hulle sorg: my dienaar Dawid. Hy sal vir hulle sorg, hy sal hulle herder wees.”* ŉ Dienaar is ŉ werknemer, soos iemand wat vir ŉ besigheid of boer werk.

Dit is die besondere wyse waarop die Seun van Dawid die gebooie van die Here weer tot hulle reg gaan laat kom: Hy is die koning, Hy is self God – maar Hy word ŉ dienaar. ŉ Dienaar is nie iemand wat wette maak nie. Hy is iemand wat ŉ diens lewer. Die Seun van Dawid gaan kom koning wees deur diens te lewer.

Die prediker Sagaria beskryf hierdie dienaarskap van die seun van Dawid só:

*“[9] Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en Hy is oorwinnaar, Hy is nederig en hy ry op ŉ donkie, op die hingsvul van ŉ donkie. [10] Ek sal die strydwaens in Efraim vernietig, die perde uit Jerusalem uitroei. Die pyl en boog waarmee oorlog gemaak word, sal gebreek word. Die koning sal vrede vir nasies afkondig. ...”* (Sag. 9)

Die koning gaan sy koningskap ontvang in Jerusalem, op ŉ donkie. Dit is ŉ teken van nederigheid en vrede, in teenstelling met oorlog en stryd. Hy kom om te dien – só gaan hy regeer.

**5. <u>Jesus Christus maak die herdersbelofte vir homself waar</u>**

Kom ons lees Matteus 21 verse 1 tot 10 saam.

Jesus was in sy lewe ʼn paar keer in Jerusalem. Hy is in die tempel besny, het in die tempel gaan offers bring en toe Hy met sy verlossingswerk begin het, het Hy ʼn paar keer in die tempel mense geleer oor die koninkryk van die Here.

Hierdie keer is dit anders. Jesus kom in Matteus 21 na Jerusalem om sy koninkryk van die Vader te ontvang. Hy kom om nou die koningskap van Dawid vir homself waar te laat word.

Kyk hoe kom Jesus sy koninkryk ontvang: Hy ry op ʼn donkie Jerusalem binne en die kinders roep uit: "Prys die seun van Dawid!"

Dit is presies soos die herdersbelofte wys hoe die Seun van Dawid sy bestendige koningskap sal kom oprig.

Hierdie getuienis wys ons dat Jesus die bestendige koningskap kom ontvang waar Hy reg en geregtigheid sal laat geskied. Hy maak die Dawidsbelofte vir Homself waar.

**6. <u>Die Seun maak die wet werk deur sondaars se straf in hulle plek te dra</u>**

Hoe word die Seun van Dawid ʼn dienaar?

Dit word vir ons beskryf in Jesaja 53. Kom ons lees die hoofstuk en terwyl ons dit lees, kyk ons hoe Jesus hierdie dienswerk vir Homself waargemaak het.

a. Die hoofstuk begin met die vraag: "wie sal die mag van die Here hierin raaksien?" Dit beteken dat die mag om die Tien Gebooie weer te laat werk, gebeur in al die dinge wat nou beskyf word. Mense sal dit egter nie kan raaksien nie, omdat dit nie soos mag lyk nie. Dit lyk maar net soos die eenvoudige lot van ʼn dienaar.

b. Lees vers 2! Jesus het in Nasaret grootgeword en was ʼn Galileër. Dit is ʼn plek vir arm, onbelangrike en onaansienlike mense.

c. Lees vers 3! Jesus het die vernedering voor Pontius Pilatus gely dat God Hom laat veroordeel het. Almal, sy dissipels en vriende ingesluit, het Hom verag vir die werk wat Hy gekies het om te doen: om te ly en te sterf.

d. Lees vers 4, 7 en 8! Jesus het ons lyding en straf aan die kruis op Hom geneem.

e. Lees vers 4! Die hele Joodse volk het Jesus se kruisiging gesien as God wat Hom straf en pynig omdat Hy goddeloos is.

f. Lees vers 9 en 10! Jesus is as goddelose begrawe en God die Vader het Hom aan die kruis verlaat.

g. Lees vers 11 en 12! Jesus het weer uit die dood opgestaan en die ereplek ontvang om aan die regterhand van God die Vader te sit.

Jesus maak die belofte van 'n bestendige koningskap waar. Hy is die dienaar van die Here wat die werk doen wat die dienaar van die Here moes kom doen.

**7. <u>Jesus maak ons regverdig deur ons sonde op Hom te neem</u>**
Jesus maak dat die wette van die Here weer in ons lewe werk.

As ons die wet oortree deur sonde – dan straf Hy ons nie. Hy het die straf gevat. As ons onsself onder 'n oordeel bring – deur nie na God te luister nie – dan dra Hy ons lyding. Ons word nie veroordeel nie. As ons God woedend maak met ons sonde – dan verbrysel Hy ons nie. Hy is in ons plek verbrysel. As ons onsself oortreders maak deur die Here se wil te ignoreer – dan word ons nie misdadigers by God nie. Hy is as misdadiger in ons plek behandel.

So laat Jesus as Here reg en geregtigheid geskied deur sy diens.

**<u>Hy regeer reg</u>**

Ons sondes word gestraf soos sondes gestraf moet word. Maar ons word nie gestraf nie. Hyself dra ons straf.

**<u>Hy regeer regverdig</u>**

Hy maak ons mense wat graag die Here se wil navolg en probeer onderhou. As ons ons hart en siel toelê op die wil van die Here, leef ons met die sekerheid dat nie een van die sondes, oortredings en misdade wat ons begaan – sal maak dat God ons straf, laat ly, pynig, veroordeel of verbrysel met sy woede en haat nie.

**8. <u>Jesus se koningskap is bestendig</u>**
Omdat Jesus die wet só laat werk – kan dit nou ook vir sondaars werk.

**8.1.** Dit maak dat ons vrede het by God. Jesus is die herder. Hy maak dat ons soos skape rustig lê en herkou en ons nie bekommer of die Here ons gaan straf en laat ly vir ons sonde nie.

**8.2.** Hy bring vrede, want ons weet Hy is reg – Hy straf sondes en laat dit nie sommer net verbygaan nie. Die vrede in ons harte is dat Hy Jesus straf, en só die wet steeds laat werk soos dit moet werk. Ons weet Hy is nie 'n Here wat sondes ongestraf laat bly nie. Ons vertrou Hom vir sy regverdigheid.

**8.3.** Omdat Jesus die wet vir ons so laat werk – werk die Tien Gebooie altyd. Ons hoef nie die wette makliker te maak, te verander of weg te vat om by ons sonde te pas nie. Hy bind ons altyd aan die werklike gebooie van die Here vas, sonder dat dit ons moedeloos of moeg maak omdat ons so sukkel met ons sonde. Ons probeer Hom só liefhê – deur die regte gebooie van die Here te onderhou – en Hy dra die straf en lyding waar ons dit nie regkry nie.

Hierdie wyse waarop Jesus die Dawidsbelofte waarmaak – maak dat die Here se koningskap vas staan en nie verander word nie – ook in ons lewe.

## 9. Afgodsdiens maak Jesus 'n nuwe wetgewer

In alle afgodsdiens word Jesus verander van die Here wat die reg en geregtigheid van die Tien Gebooie weer laat werk, tot iemand wat nuwe wette maak in die plek van die Tien Gebooie. Dit is al hoe afgodsdiens kan werk – met ander wette in die plek van die Tien Gebooie.

**Voorbeelde van ander wette in die plek van die Here se wet:**

9.1 Mense sal sê Jesus het liefde gebring in die plek van die Tien Gebooie; Ons moet nie meer die Tien Gebooie gehoorsaam nie. Ons moet net liefhê.

9.2 Mense sal sê Jesus het vir ons 'n voorbeeld kom stel met sy lyding en kruisiging. Sy lyding en kruisiging is nou nuwe wette. Ons moet nie meer die Tien Gebooie gehoorsaam nie. Ons moet nou self ly en onsself opoffer soos Jesus.

9.3 Mense sal sê sondes van die ou tyd is nie meer sondes van die nuwe tyd nie. Ons moet nie meer leef volgens die wette van God in die ou tyd nie. God se wette is outyds. Jesus het vir ons nuwe wette gebring.

9.4 Mense sal sê ons moet net so mensliewend, vriendelik, hartlik en innig soos Jesus wees, ons moet nie meer volgens die wet van die Here leef nie.

Dit alles word geleer omdat hulle nie glo in die bestendige koningskap van Jesus nie: Hy maak dat die Tien gebooie altyd vasstaan. Hy dra ons straf in ons plek en só maak die Here ons weer mense wat die wil van die Here wil onderhou. Hy maak ons regverdig.

Hierdie wette in afgodsdiens is onbestendig. Dit lyk of dit werk. Maar dit lyk maar net vir 'n rukkie so terwyl mense glo dat dit werk. Dit werk nooit nie.

Die Here regeer ons en die wêreld met sy wette. Hy pas sy gebooie toe. Hy straf en beloon volgens sy gebooie.

Vir ons as gelowiges tel die Here se straf en loon, maar die goddeloses word self gestraf.

Almal wat hulle lewe inrig volgens nuwe wette in die plek van die Here se wette, se hele lewe raak deurmekaar, onstabiel en wanordelik. Alles wat volgens hierdie wette gereël word, val inmekaar: ons verhouding met ons ouers, vriende, onderwysers en geliefdes.

Die vrede wat die Here bring, is dat al is ons sondaars en al doen ons baie sonde – ons nog steeds regverdig is: omdat Hy die straf en oordeel van al ons sonde as dienaar dra – kan ons ons hart en verstand toewy aan die regte wette van die Here.

## 10. Oefening

Kyk of julle hierdie nuwe wette wat mense in die plek van die Tien Gebooie wil leer, raaksien as hulle oor godsdiens praat!